



Julie 2025

Familie-NUUS

LEWENDE WOORD BLOEMFONTEIN



*Die sterkste geloof is nie geloof wat nooit twyfel nie,
dit is geloof wat groei
deur die twyfel.*

PASSIONATE PEOPLE FINDING PURPOSE IN HIS PRESENCE



PASSIONATE PEOPLE FINDING PURPOSE IN HIS PRESENCE

I took this picture yesterday at church. Aligning chairs with a builder's line... nothing but perfection, but for what? What does it take to save people? Do I truly love those who don't know Christ?

If my life can be such that I do everything in my ability to help save just one person, then I will do everything!


I will even line up chairs, so that people feel respected.

I will greet and smile, so that maybe, just maybe, a visitor might stay. I will do everything in my ability... so that Jesus can save.

– Graham Botes

FAMILY IN FOCUS

Dankie aan die Lewende Woord Fotografie-span vir die stories van genade wat julle so treffend vasvang.
Sluit gerus by die span aan! Kontak Liezel Botes by 084 810 7121.



AANDDIENS

"Die aanddienste is nie net nóg 'n kerkgeleentheid nie. Ons kon Sondagoggend diens hê, huis toe gaan, vroeg in die bed wees – en dit sou goed genoeg gewees het. Maar die Here gee vir ons hierdie spesifieke diens! Die Heilige Gees werk verseker in my daardeur, en ek kan net sê: ek is dankbaar. Dankbaar vir die leiding, die vriendskappe en die kennis wat ek ontvang. En dan het ek ook die opwindende geleentheid om te bedien – om mense saam kerk toe te bring en hulle te ondersteun in hulle unieke lewensreis. Ons is nie perfek nie, maar ons is elkeen in 'n perfekte proses om saam met ons Hemelse Pa doelgerig te wandel hier op aarde."

– Lisa van Niekerk



DISSIPELSKAP

Ons bestudeer Dissipelskap!

Ons leer van bekering uit dooie werke en geloof in God, want ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam en verslaaf aan allerlei begeertes en luste. Uit ons bekering vloei wedergeboorte, doop in water en met die Heilige Gees! Ons leer die Heilige Gees ken as God wat bemagtig, wat dinge verander, God wat skep.

Ons ervaar onopsetlike vorming deur ons omgewing: deur stories, gewoontes en verhoudings. Maar ons kán ook doelbewus gevorm word, deur lering, geestelike groeigewoontes, en gemeenskap met medegelowiges, onder leiding van die Heilige Gees. Ons sluit af met die Nagmaal, bedien mekaar met gebed en bring dank aan ons Verlosser, Jesus Christus, die Seun van God!

– Charl Adams

"Discipleship is the art and science of helping people find, follow and fully become like Jesus." – Brandon Cox

Ons kan sê dat dissipelskap 3 hoof doelwitte het:

1. Om met Jesus tyd te spandeer.
2. Om te word soos Jesus.
3. Om te doen wat Jesus doen.

Dus is die proses van dissipelskap is baie meer as 'n agt-week kursus – dit is 'n lewenslange proses. Dissipelskap is progressief; dit is meer inoefen as hard probeer.

Dink aan dissipelskap soos wat mens dink aan oefen. Geestelike groei, soos fisieke fiksheid, vereis gereelde oefening eerder as sporadiese inspanning.

Met ons dissipelskap kursus poog ons om jou toe te rus vir 'n lewenslange reis saam met Jesus – een wat jou bemagtig om te groei in jou geestelike volwassenheid.

- DE VILLIERS NEL

6 AUGUSTUS - 17 SEPTEMBER WOENSDAE 18:00

Registreer op die Living Word Bloemfontein app of kontak De Villiers Nel by 082 979 6389

SCAN ME



ZIMBABWE UITREIK



YOUNG ADULTS *Conference*


Lewens verander in Bulawayo!

Neville Goodchild, Eduard Deacon en Heinrich Loubser het onlangs 'n impakvolle besoek aan Zimbabwe afgelê.

Neville was ook een van die hoofsprekers by die dinamiese Jong Volwassenes-konferensie. Die konferensie het geloof gebou en visie en roeping gevestig.

Ons loof die Here vir die oop deure in Zimbabwe en vir die merkbare geestelike groei wat daar plaasvind!






In 2021, tydens 'n besoek aan Zimbabwe, het ons op hierdie gemeenskap in die Matopos afgekom. Die meeste volwassenes tussen 40 en 70 jaar wat nie in die buiteland gewerk het nie, is aan Covid oorlede. Daar was hoofsaaklik ouer vroue, jongmense en kinders oor.

Hierdie kerkgebou het tien jaar geneem om tot op hierdie punt gebou te word. Die pastoor wat dit begin het, is ook aan Covid oorlede.

Die ouer mense het die afgelope tien jaar een dag per week gevas, en dan aan die einde van die maand 'n baksteen gekoop met die geld wat hulle gespaar het.

In 2021 het dit só gelyk:



Ongeveer drie jaar gelede het die plaaslike pastoor ons voorgestel aan 'n groep vroue in die Matopos gebied. Sommige van hulle is al naby aan 100 jaar oud. Hulle leef sonder enige inkomste, net van 'n paar mielies en miskien 'n koei of twee. Tot in 2022 het nie een van hulle nog ooit 'n Bybel in hulle hand gehou nie. Tog kom hulle elke week bymekaar om saam te bid. Dan deel iemand 'n boodskap, iets wat hy of sy vroeër gehoor het uit die Bybel, soos hulle dit kan onthou.

In 2022 het ons saam met 'n groep mense begin beplan om 'n bouprojek daar in die Matopos aan die gang te kry.

Teen 2023 het ons begin met die oprigting van 'n gebou, en terselfdertyd gehelp om 'n hoenderboerdery van stapel te stuur. Alles met die doel om ongeveer 80 kinders op skool te hou. Hulle het uiteindelik sowat 300 lêhenne aangeskaf, wat genoeg inkomste genereer om die kinders se skoolgeld jaarliks te dek. Intussen voorsien Lewende Woord ook pap, sodat elke kind ten minste een gebalanseerde maaltyd per dag ontvang.

Die kerkgebou is nou amper voltooi. Daar is nog 'n paar klein afwerkings wat wag, maar dit is reeds 'n reuse verbetering.



Daar is 'n kerk sowat 15 km van die eerste projek af, in die Matopos-berge. Die dak van die gebou het al baie verander: dit was aanvanklik 'n seil, toe gras, later lappe, en nou weer 'n seil. Intussen het hulle 'n paar ou sinkplate in die hande gekry, dit lyk of dit al sowat 50 jaar oud is. Ons het nou besluit om binnekort 'n nuwe struktuur van dieselfde grootte daar op te rig.

Die byeenkomste het aansienlik gegroei, daar woon nou gemiddeld 80 vroue by, en omtrent 40 kinders sluit ook aan. Die behoefte aan 'n meer permanente en geskikte struktuur is dus duidelik.





Redeeming LOVE

Telos: Love people back to life into their purpose

ONS VIER LEWENSVERANDERING

Hierdie kwartaal vier ons nuwe lewe, nie net in die fisiese sin nie, maar ook die herlewing van hoop en doel in twee van ons geliefde meisies se lewens.

Na seisoene van trauma, pyn en innerlike stryd, het albei meisies 'n plek van herstel en nuwe begin bereik. Die een meisie, swanger ná 'n traumatiese ervaring, het met moed besluit om haar baba vir aanneming te gee. Haar keuse was dapper en vol liefde. Sy is intussen terug in haar eie land, waar sy met groot ondersteuning en sorg haar pad van genesing stap.

Die ander meisie is van kleins af misbruik, maar vandag is sy veilig, terug op skool en vol hoop vir die toekoms. Albei het hul lewens aan Jesus Christus gegee en is gedoopt. 'n Getuigenis van ware herstel.

Ons is dankbaar vir God se genade, die moed van hierdie twee jong vroue, en die nuwe lewe wat nou blom.

Ons vier hoop. Ons vier genesing. Ons vier nuwe lewe.

My tyd by die Safe House

My tyd by die Safe House was regtig 'n ongelooflike ervaring. Die sessies wat ons gedoen het, was nie net anders nie, maar het my werklik gehelp om te groei en te genees. Ek het geleer om myself lief te hê, om 'n beter weergawe van myself te wees, om ander lief te hê, en om te vergewe. Dit was vir my aanvanklik moeilik om te aanvaar wie ek is, maar ek is opreg dankbaar vir waar ek nou is.

Die afgelope vier maande was ongelooflik. Ek het die Here op 'n nuwe manier leer ken en ek het besef dat ek nooit alleen deur hierdie pad moes stap nie. Toe ek nog daar was, het ek elke dag gewonder wat volgende met my gaan gebeur, maar ek het besluit om die Here te vertrou. Om alles oor te begin was nie maklik nie, maar ek het aangehou om aan te hou.

Ek weet hoe dit voel om so ver van my huis af te wees - dit was moeilik, maar ek het geleer om dit te aanvaar soos dit is. Dit was seer om te verwerk wat alles met my gebeur het - die trauma waardeur ek gegaan het. As dit nie vir tannie en almal daar by die Safe House was nie, weet ek nie waar ek vandag sou wees nie. Dalk sou ek selfs al uit die land uit gewees het...

Die huisouers het ook 'n groot rol in my genesing gespeel. Ek weet dit was nie altyd maklik vir hulle nie, maar hulle het my met soveel liefde en deurstellingsvermoë deur hierdie tyd gedra. Ek sal dit altyd onthou en waardeer.

RAAK BETROKKE ONS BENODIG HULP MET DIE VOLGENDE PROJEKTE

- Finansiële Ondersteuning
- Kursusse & Vaardigheidopleiding
- Kos & Donasies
- Straat-Uitreik
- Mediese Bystand
- Berading & Gebed
- Toiletware & Noodsaaklikhede
- Naweek instaan vir Huismoeders
- Sosiale Media & Bewustheid



Groente Tunnel/ tuin



Kaizin huis - 6x12m



Paving



Konstruksie

BANK DETAILS:

Reach in and out community project NPC FNB Bank Account no: 63149160367 Branch: 230534
Swift Code: FIRZAJJ Reference: Redeeming Love Reg no: 2024 / 5115363 / 08 NPC

Liezie Pretorius 082 500 2223 | liezie@redeeminglove.co.za | FB: Redeeming Love



HYKIE BERG FONDSINSAMELING

Hykie het vanuit sy eie reis van gebrokenheid na genesing gedeel, en só lig gewerp op God se onwankelbare beloftes vir ons lewens. Met rou eerlikheid en passie het hy die gehoor herinner: "Jy is nie 'n ongeluk nie. Jy is met 'n goddelike doel op hierdie aarde geplaas." Sy boodskap het deur vrees, skaamte en onsekerheid gesny en elke luisteraar teruggelei na die waarheid dat God nog nie klaar is met hulle nie.

Die oggend se opbrengs is toegewy aan Redeeming Love in Bloemfontein, 'n bediening na aan Hykie se hart wat help om vroue te herstel en te rehabiliteer wat vasgevang is in siklusse van mishandeling en uitbuiting. Deur by te woon, het die gehoor nie net bemoediging ontvang nie. Hulle het deel geword van 'n groter verhaal van genesing en hoop vir ander in nood. Mense het nie net geïnspireerd vertrek nie, maar geaktiveer, herinner daaraan dat, maak nie saak wat hulle verlede is nie, hulle geroep is vir méér.

JY IS GEROEP VIR 'N TYD SOOS HIERDIE!

Na maande – selfs jare – van verhouding bou, pad saamstap en bewusmaking in die gemeenskap, het ons uiteindelik lig begin sien in 'n donker saak. In 'n samelewing waar die stemme van vrouens en kinders so dikwels stilgemaak word, het 4 dapper jong meisies uiteindelik gehoor geword. Ons kon, danksy 'n waaksame en brawe jong meisie wat die moed gehad het om haar stem te laat hoor, drie minderjarige meisies en haarself help wat vir lank in die kloue van 'n man was wat hulle misbruik het. Dit is 'n seisoen wat gevul was met pyn, trauma en vrees – maar ook met hoop, dapperheid en geloof.

Die gemeenskap het saamgestaan. Waaksamheid en deurlopende verhouding het daartoe gelei dat hierdie meisies op 'n veilige plek geplaas kon word, en die oortreder is uiteindelik in hegtenis geneem.

Dis nie net 'n oorwinning vir hierdie meisies nie, maar vir elke vrou en kind wat ooit in stilte gely het. Ons weet dat geregtigheid nie altyd gou kom nie. Vir jare veg ons al teen onreg, teen sisteme wat vroue en kinders faal, en teen stiltes wat breek moet word. Maar in dié oomblik, met hierdie redding, sien ons weer hoekom ons geroep is vir 'n tyd soos hierdie.

Bid asseblief saam met ons vir die herstelpad van hierdie meisies – vir genesing, vir vrede, en vir krag. En bid ook dat elke kind in ons gemeenskap sal weet: jy is nie alleen nie.

Indien jy enige vorm van onraad of uitbuiting vermoed, meld dit asseblief aan. Jou waaksamheid kan 'n lewe red.



MANNEGEBED

Tydens 'n onlangse mannegebed het 1 Korintiërs 16:13 die fokus gevorm: "Waak, staan in die geloof, wees manlik, wees sterk."

Mans het saamgestaan in gebed om geestelike leiding te vra, om vas te staan vir hul gesinne en om sterk te wees in 'n wêreld vol afleiding. Daar was 'n diepe erns, maar ook 'n hernude toewyding om wakker en waaksaam te leef as leiers, vaders, vriende en volgelinge van Christus. God roep manne op om nie net sterk te wees in liggaam nie, maar in geloof, karakter en gehoorsaamheid.

Profetiese GEBEDSAAND

By die Profetiese Gebedsaand het ek weer opnuut besef hoe belangrik dit is om gereeld saam met mekaar te bid en vir mekaar in te tree. Sonder om veel uit te brei, lei die Heilige Gees ons in gebed, en dinge word aangespreek of bevestig sonder dat dit vooraf genoem is. Die Here kon alles alleen gedoen het, maar Hy het gekies om ons betrokke te maak en ons in mekaar se lewens te gebruik.

Dit is kragtig! Dit is hoe die Here werk! Ek glo ons kan meer geleenthede skep om bymekaar te kom vir gebed. Dit verander lewens, want ons stem saam oor God se Woord en wat Hy oor ons sê.

Dit was vir my ook wonderlik hoe prakties dit vir ons gemaak is om op verskeie maniere neer te pen waarvoor ons God vertrou.


Ek dink aan die volgende skrif:

Matteus 18:19-20

"Boonop verseker Ek julle: As twee van julle hier op aarde saamstem oor enigiets wat julle van God wil vra, sal my hemelse Vader dit vir julle doen. Waar twee of drie bymekaar is, is Ek immers ook saam met hulle daar."

– Lidia Paulsen

SCAN ME



VAN GEBROKENHEID TOT GENESING

Dot van der Merwe

“

Ek het weer hoop, weer doel. Ek weet nou dat God enigiemand kan herstel.

Op 17 het ek 'n liefdesteleurstelling beleef dit het my laat voel dat daar iets fout met my was, dit het my selfbeeld verpletter. My pa het vir my 'n kalmeermiddel gegee en dit was die begin van 'n jarelange stryd met verslawing.

Ek het by 'n klerewinkel begin werk, vriende gemaak, begin rook, alkohol en dagga gebruik. en was agt jaar in gay verhoudings. Ek het geweet dis nie reg nie, maar kon nie loskom nie. Een van my vriendinne het my na 'n kerk genooi, waar ek my hart vir Jesus gegee het. Bande is gebreek met daardie leefstyl en ek het 'n nuwe rigting begin soek.

Ek het getrou, maar steeds geworstel met verslawing. Toe ek swanger raak, het ek geen middels gebruik vir nege maande nie, my baba was my inspirasie. My seun is gesond gebore. Later het ek verslaaf geraak aan dieetpille en probeer hulp kry by 'n pastoor. Ek het een dag amper oordoseer, en daardie skok het my laat ophou – vir 'n tyd.

Na verskeie op- en afdraandes, en 'n tweede huwelik met 'n parapleeg, het dinge weer skeefgeloop. Ek was ongelukkig en het teruggeval in ou gewoontes. My kind is by my weggeneem, en ek wou nie meer leef nie. 'n Vriendin het gesien waarheen ek stuur en my gehelp om opgeneem te word in rehabilitasie sentrum. Daar het ek nuwe hoop gevind.

Ek was sewe jaar lank skoon, totdat my pa en my hond kort ná mekaar oorlede is. Ek het weer begin gebruik, maar God het nie opgegee op my nie. Ek het werk gekry by 'n ouetehuis en uiteindelik vir Kobus ontmoet, my derde man. Ons het saam Lewende Woord begin bywoon, en ek het berading ontvang wat my baie gehelp het.

Ek het vir my seun belowe ek sal ophou, met God se hulp is ek amper een jaar skoon. Ek het weer hoop, weer doel. Ek weet nou dat God enigiemand kan herstel. Ek wil graag my lewe gebruik om ander te help wat deur dieselfde donker tye gaan.

Ek leer ongelooflike dinge van die Here. Die Here het 'n wonderlike plan vir my lewe – en ek wil dit gebruik om ander te help wat deur dieselfde pyn, verwerping, en verslawing gaan. My hart is om 'n getuie van hoop te wees, dat God enigiemand kan herstel.

“Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.”

JEREMIA 29:11

HOE SEVEN TRAITS OF EFFECTIVE PARENTING OUIERS BEMAGTIG



Toe Stephan en Lia Smith hul dogtertjie, Lara, aan die Here toegewy het, was dit meer as net 'n spesiale Sondag. Dit was die vrug van 'n pad van voorbereiding en geestelike groei.

Voor die toewyding het hulle die toewydingskursus wat Lewende Woord aanbied, *Seven Traits of Effective Parenting*, voltooi en sê dit het hul hele benadering tot ouerskap verander.

"Sjoe, wat 'n ongelooflike kursus!" sê Stephan. "Ons het praktiese, Bybelse beginsels geleer wat ons nou elke dag toepas."

Lia vertel hoe hulle nie net mekaar beter leer verstaan het nie, maar ook geleer het om doelbewus met hul kind te werk en Jesus doelgerig in alledaagse situasies in te voel. Die idee om jou kind in gebed te "sirkel" het veral diep by hulle aanklank gevind.

"Dis asof ons weer besef het, maak nie net 'n kind groot nie, maar iemand wat eendag self vir God moet kies," sê Stephan. Hulle beveel die kursus vir elke ouer aan. "Moenie wag vir 'n krisis nie," sê Lia. "Hierdie kursus was die kickstart wat ons nodig gehad het."

Die volgende Seven Traits of Effective Parenting-toewydingkursus begin Maandag 1 September 2025. Registreer op die Living Word Bloemfontein-toep.



Stephan en Lia Smith



EGIPTIESE AVONTUURAAND: 'N OPWINDENDE REIS TERUG IN TYD

deur Elizma Kriel

Stel jou voor: Dis Vrydagmiddag ... Jy klim in 'n tydmasjien, en skielik is jy in antieke Egipte! Die sand waai, die son brand, en jy hoor die stem van Moses wat roep: "Laat my volk gaan!" Tydens Kruiskidz se Egiptiese Avontuuraand het kinders in groepe deur interaktiewe stalletjies beweeg, elk verteenwoordigend van een van die tien plae.

Wat hierdie aand so besonders gemaak het, is dat die kinders die Bybel prakties beleef het. Hulle het deur die oë van Moses en die volk van Israel gesien hoe groot hul God is.

Daar was water wat in "bloed" verander het, "vlieë" op ballonne, sprinkaanresies en ander interaktiewe speletjies. Dit was nie net vet pret nie, maar het ook insig gegee oor hoe magtig God is en hoe Hy Sy volk beskerm het.

Tussendeur het die kinders gesmul aan springmielies, worsbroodjies en koeldrank, en saam met hul maats en ouers *The Prince of Egypt* gekyk, 'n fliek wat die storie van Moses vertel.



YOUNG ADULT MINISTRY

Met die fokus op filters en verwagtinge wat op verskeie maniere kan manifesteer, het ons in die sel bietjie dieper gegaan. Doelbewus en interaktief met die onderwerp gedeel. Die "golden thread" van die kwartaal se gesprekke was om te besef dat ons as mense nuwe denkpattre moet vorm om onself te sien soos wat God ons sien! Ons moet deel met die goed van die wêreld, en wat die wêreld op ons projekteer, sodat dit nie in die pad staan van ons verhouding met God nie en wat God in ons lewens wil doen of bereik.

Daar was baie saamgelag en gekuier, saam met 'n lekker koppie koffie (wat 'n mens warm maak in die wintermaandel!). Maar daar was ook gehuil en tyd vir refleksie. Wat is die dinge wat ek dink oor myself wat my weghou van God af?

Die idee word die beste verduidelik deur die volgende: Ons hou daarvan om te praat van die deure wat voor jou is. Soms is dit so dat die Here sekere deure toemaak, en ook oopmaak. Maar soms kan dit gebeur dat die deur toe is, maar dit nog nie besluit is nie, en ons dink by onself: "Die deur is toe en gesluit, dit kan nie van God af wees nie, dit kan nie God se wil vir my lewe wees nie." En so kan dit gebeur dat die deur toe is as gevolg van sekere leuens wat ons oor onself glo, maar nie werklik gesluit is nie. Sodra ons besef ons is vrygekry, kan daardie deur oopgaan.

Johannes 8:32 — "En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak."

Ons sien uit om in die derde kwartaal in daardie vryheid in te stap en verder te groei in God se waarheid oor ons lewens!

– Rimmon Kloppe

TIENERBEDIENING

Wat is emosies? Is dit 'n goeie ding, of 'n slegte ding? Dit is wat ons die kwartaal behandel het!

Hoe kan ons ooit enigeiets geniet, of in verhouding met mense staan as ons niks kan voel nie? Hoe kan ons musiek luister en dit geniet, of selfs die films wat ons kyk?

Hoeveel-te-meer moet ons nie bewus wees van ons emosies as ons in verhouding met God staan nie? Ons lees in die Woord dat ons 'n God dien wat emosies het, en ons as mense het die emosies ontvang om te doen wat ons moet doen op aarde. Van Liefde tot Vreugde is alles wat ons kan voel a.g.v. dit wat God vir ons gegee het.

Wat beteken dit om te hoor: "God het jou lief"? **God se liefde is onvoorwaardelik en ewigdurend (Rom 8:38-39), Sy liefde is opofferend (Rom 5:8), sy liefde is persoonlik en intiem (1 Joh 4:16) en sy liefde roep ons om ander lief te hê. (1 Joh 4:7-9)** Verder, hoe deel ons met die Emosies?

Ons groei nader aan God, en vat daai waarmee ons sukkel na God toe. Dit is hoe ons ook in oorwinning staan, en in verhouding met God groei.

Dit is hoe lewensverandering plaasvind. Om alles saam te vat! Nou is die vraag, wat gaan ons doen met alles wat ons geleer het? Ons gaan in die wêreld in en verkondig dit aan die mense rondom ons! Dit is waar ons fokus gaan lê vir die 3de kwartaal!

Natuurlik het ons die kwartaal afgestuit met 'n 'minute-to-win-it' kompetisie wat natuurlik almal se beste kant uitgebring het!

- RIMMON KLOPPER



SENIOR BEDIENING

Hoop uit die donkerste diepte....

Ontmoet vir Tim Keller, pastoor en medestigter van Redeemer City to City in Amerika, gebore 23 September 1950, oorlede 23 Mei 2023.

'n Merkwaardige verhaal van iemand wat moes sin maak van sy eie proffesionele leiding, as leraar, en waar hy staan in sy verhouding en verstaan van God. Hy word in May 2020 gediagnoseer met kanker (pankreas). In n artikel "Growing my faith in the face of death" deel hy sy rou hartseer maar ook sy onwankelbare geloof in God.

(www.crossway.org; The most powerful message Tim Keller ever preached, by Matt Smethurst, 19 May 2025.) Hierdie het my by n realiteit gebring, dit is bedoel vir elkeen van ons, ongeag, iewers gaan ons ons aardse tentwonings verlaat en oor beweeg. Selfondersoek bring by hom vrae of hy dalk self vroeër al besluit het wat God vir hom in stoor het en dat dit altyd met hom goed sal gaan? Dan kry hy die nugter antwoord van erkenenis, dit is uitdagend om in hierdie situasie te getuig van hoe groot God is en dat "U wil geskied" n uitgemaakte saak is, geen troos bring jou onmiddellike emosionele gedagtes van stryk nie.

Hy skryf n boek in 2021 "Hope in times of fear". Te midde van sy siekte verklaar hy, dat ons as gelowiges ,hoop het op die toekoms, maar ook dat Jesus se opstanding die hemelse koninkryk n realiteit en belofte gemaak het. Hy gaan plek vir ons voorberei. (Joh 14:2) Dit verander alles! Mag ons vashou aan God se beloftes ongeag die seisoen van ons lewe, ingraveer in ons harte, sodat niks ons sal laat twyfel aan God se ewige en alomvattende liefde nie. God is doelgerig en bemoeid met die detail van ons lewe. Hier net drie van die vele beloftes....

Jeremia 29:11 "Want ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle Koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle n hoopvolle toekoms te gee."

1 Kor 13:13 "En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde."

Psalm 63:3 "Want u goedertierenheid is beter as die lewe; my lippe moet U prys."

Ons nooi almal, 100 jaar en jonger ,hartlik uit om deel te word van die Lewende Woord Seniorsgroep (ook almal wat daar tuis voel). Ons het byeenkomste op Woensdae en Donderdae, van 10:30 tot 11:30, ons kuier om God se Woord, deel getuienisse en op geleenthede word ons toegesprek deur kundiges oor relevante temas.

Mooi loop.

Elaine Prinsloo

Sel no: 083 626 1137



Michelle Fouche
"Gesonde Lewenstyl"



Eduard Deacon
"Vergeetagtigheid of Dimentia"



Hebreeërs

WOORDSKOOL

Dit is interessant dat die boek Hebreeërs eerder 'n preek as 'n brief is, dit maak dit vir baie mense moeilik om dit binne konteks te verstaan. Ons gaan die boek hoofstuk vir hoofstuk deur. Ons kyk deeglik na elke tema en vers. Soos ons vorder, begin die boek voel soos 'n kunswerk. Verse verwys terug na vorige verse en temas oorleef op 'n meesterlike manier om dieper betekenis uit te lig.

Rembrandt se kunswerke word telkens ryker en meer intiem namate 'n mens dit beter leer ken en waardeer. Net so is Hebreeërs 'n boek wat al hoe mooier en meer betekenisvol word hoe meer dit bestudeer word.

Ons sien uit om in die derde kwartaal aan te sluit by die tema van geloof, die hooftema van hierdie besondere boek.

– De Villiers Nel

"Laat ons die wedloop wat vir ons voel, met volharding hardloop..."

GETUIENIS

Aan die begin van 2025 het 'n vriendin my genooi om saam met haar Woordskool by te woon. Die eerste kwartaal se tema, "Waar is God in donker tye?", het diep met my geresonseer. Ek het daardie vraag self gevra, in tye van onsekerheid oor gesondheid, finansies, werk, en verhoudings. In Maart is ek vir 'n week in die hospitaal opgeneem oor my nierfunksie. Ek het gebed vir 'n toekomsgerigte plan en al het ons nie antwoorde gekry oor die oorsaak nie, het ons 'n plan gekry. Sedertdien het my nierfunksie verbeter. Ek het vasgehou aan Jesus se perspektief in Johannes 9:1-5, dat God dikwels nie 'n "hoekom" gee nie, maar 'n "wat nou". In die tweede kwartaal het ons Hebreeërs behandel. Reeds by Hebreeërs 1:1-3 is ons herinner dat ons meer as net die profete het. God praat nou deur die Seun. Einde Mei, tref een van my grootste persoonlike storms: my pa sterf onverwags. Hy was nie net my pa nie, maar my mentor, veilige hawe en geestelike ondersteuner. Tog het dit wat ek by Woordskool geleer het, 'n fondament gebly: God is goed. God is getrou.

My pa het, soos die geloofshelde van Hebreeërs 11, vasgehou aan die beloftes van God, selfs al het hy dit nie volledig op aarde gesien nie. Sy hoop het op Christus gerus, en sy geloof het hom vrymoedig voor God laat staan. Een van sy laaste studies was oor die orde van Melgisedek, presies waar Woordskool aan die einde van die kwartaal geëindig het.

Ek kan nie anders as om God se hand in die tydsberekening van my lewe te sien nie.

– Izari van der Merwe



11 AUG - 15 SEP MAANDAE 18:00

REGISTREER VIR WOORDSKOOL OP DIE
LIVING WORD BLOEMFONTEIN APP

SCAN ME



Na elke nagmaal neem ons die oorblywende brood saam met groente na Angel Arms, waar dit gebruik word om sop vir 140 kinders te maak. Hierdie kwartaal het ons ook 140 worsbroodjies, 80 Bybels en 140 lekkergoedpakkies uitgedeel.

Mag die brood nie net hul liggame voed nie, maar mag elke gebed, elke gebaar van omgee, en elke Woord van lewe, lewensverandering bring.

Om deel te raak van die kwartaalike uitreik, maak kontak met Liezel Botes 084 810 7121.



CONNECT uitreik



KALENDER

Derde Kwartaal

JULIE

23 JULIE 18:00

27 JULIE 18:00

28 JULIE 18:00

KLEINGROEPE / SELGROEPE BEGIN

AANDDIENSTE BEGIN

BABY ON BOARD

AUGUSTUS

2 AUGUSTUS 09:00

3 AUGUSTUS 09:00

6 AUGUSTUS 18:00

6 AUGUSTUS 18:00

7 AUGUSTUS 11:30

11 AUGUSTUS 18:00

15 AUGUSTUS 18:00

29 AUGUSTUS 18:00

31 AUGUSTUS 09:00

BARISTA OPLEIDING

NAGMAAL

DISSIPELSKAP BEGIN

SELGROEP OPLEIDING

KRUIS MAMMAS

WOORDSKOOL

TEACHING NIGHT

WORTH-IT

DOOP

SEPTEMBER

1 SEPTEMBER 18:00

5 SEPTEMBER 18:00

7 SEPTEMBER 09:00

12-13 SEPTEMBER

19 SEPTEMBER 18:00

22 SEPTEMBER 18:00

27 SEPTEMBER 06:00

28 SEPTEMBER 09:00

29 SEPTEMBER 18:00

KINDERTIOEWYDINGSGESPREEKKE BEGIN

GEMEENTE BASAAR

NAGMAAL

YAM MEIRINGSKLOOF

TEACHING NIGHT

NUWE LIDMATE GESPREK 1

MANNEGEBED.

KINDERTOEWYDING

NUWE LIDMATE GESPREK 2



PÉTRA Projek

Die afgelope kwartaal is verskeie areas op die Lewende Woord-terrein opgeknop en werk is afgehandel. Die 185m-muur tussen ons en die bure is voltooi. Hierdie grens was oorspronklik nie toegemaak met die ClearVu-materiaal wat in 2018 op die ander drie grense opgerig is nie. Die ou heiningmateriaal het egter vinnig verweer, en ons wou seker maak dat ons eiendom veilig bly. Die ClearVu-koste het intussen drasties toegeneem, en 'n muur het baie meer sin gemaak – veral omdat dit tussen ons en die bure is, en ons aktiwiteite van tyd tot tyd steurend kan wees met klank.

Baie dankie aan Pastew Pave wat hierdie projek uitstekend bestuur het, en 'n groot deel van die uitgawe geskenk het. Dankie ook aan elkeen wat bygedra het!

Die drie vraghouers – wat bestem is om eendag ons eie Coffeeshop te word – is intussen volledig met hoë kwaliteit isolasiemateriaal uitgelê, en sal eersdaags begin dien as addisionele spasie vir ouers met peuters. Dit sal ook 'n dubbeldoel dien vir kleiner byeenkomste, totdat ons besluit om dit finaal in te rig as koffiewinkel. Die ingangsportaal is 'n nuwe toevoeging tot ons projekte, en sal eersdaags 'n groot aanwys wees vir die klank in die kerk, die lig wat voorheen problematies was tydens laatmiddag-geleenthede en die hele uitdaging rondom ons klankkas. Die klankkas het onnet vertoon in ons ontvangsarea, en word nou verskuif na 'n spasie wat spesifiek ingerig word vir klank, drie kamera-staanplekke en die beheerborde vir beligting en beeld.

Van beeld gepraat, Lewende Woord se nuwe LED-skerm is reeds in produksie in Kaapstad. Die groot skerm word binnekort op ons verhoog geïnstalleer en sal die bestaande TV-skerm voor in die kerk vervang met die beste hoë-definisie beeld beskikbaar. Ons sien baie uit daarna! Hiermee saam kom ook 'n belegging in ons klankstelsel, wat die klankgehalte drasties sal verbeter. 'n Skenking is ook vir hierdie doel gemaak – baie dankie daarvoor!

Laastens, maar seker die mees opsigtelike, ons begin in die lente met 'n nuwe tuin- en sosiale area-uitleg rondom die kerk. Dit gaan kuierareas, rusbankies, water, koelte, gras, estetiese beligting en kleur inbring in ons buite-kuier- en ontvangsareas! Ons sien uit om die lente met ope arms te verwelkom!

Dankie vir jou deelwees, insette en bydrae by ons eie gemeenteprojekte! Dis 'n groot voorreg om 'n eiendom te besit en dit te ontwikkel in iets wat mense welkom laat voel. Onthou: ons kerk en fasiliteite is belangrik vir ons as geestelike familie en om ons gemeenskap te ontvang, maar ons het ook 'n groter verantwoordelikheid in die sendingveld.

Ons is aktief betrokke by buiteprojekte, en help tans om nóg 'n kerk te bou in die Matopos-berge buite Bulawayo. Meer hiervan op 'n volgende geleentheid!

Raak betrokke by ons projekte!

Skakel my gerus direk.

Blessings,

Neville



185M MUUR



KOFFIEWINKEL



INGANGSPORTAAL



NUWE KLANKKAS

KONTAK NEVILLE GOODCHILD BY 072 368 3737 INDIEN U BETROKKE WIL RAAK

BANKBESONDERHEDE
LEWENDE WOORD BLOEMFONTEIN | BANK: FNB | TAK: 25 00 51 | REKENINGNOMMER: 6236 00 727 81


BRIEF AAN DIE *Gemeente*

Die tweede helfte van 2025 breek aan met groot opwinding in die Lewende Woord-familie! Ons dien 'n groot God, en dit op sigself is 'n rede vir hoop en geloof om op te vlam uit jou omstandighede. Mag jou uitdagings die skilderdoek word waarteen God se genade en getrouheid in jou lewe afgeets word. Die geloofshelde motiveer ons om hoop te vind in die feit dat die toekoms in Sy hande is!

Ek wil jou aanmoedig om jou geloof te aktiveer deur eenvoudig op Sy goedheid te fokus, en jou saak in gebed met geloof na Hom te bring. As jy jou saak in Sy hande plaas, is jou hande los om te doen wat gedoen kán word. Hy is getrou om te doen wat buite jou vermoë is. Maar daar is meer...

Die Here het ook in ons gemeente se behoefte vir 'n aanbiddingsleier voorsien! Nico en Alta Prinsloo, saam met hul kroos, het pas by Lewende Woord ingeskakel. Nico sluif aan by die span as voltydse bedieningsleier en sal die aanbiddingspan lei, asook ons gemeente se gebedsaksies en berading behartig. Nico en Alta is passievolle bidders en aanbidders! Ons glo dat die Here 'n nuwe passie vir gebed in ons gemeente wil aanvuur, en sien uit na 'n kragtige en doelgerigte gebedsbediening wat onder Nico se leiding sal groei.

In die derde kwartaal plaas ons ons aandag op die kerk se unieke roeping, en op die mens se skeppingsdoel. Ons herontdek die opdrag en fokus van ons gemeente en verstaan elkeen se unieke bydrae, rol en roeping in die Koninkryk.



Neville & Elmarie Goodchild

Ons vertrou ook die Here vir openbaring van Sy wil in spesifieke lewensbesluite, en bevestiging van Sy roeping in individue se lewens. Hierdie is 'n tyd waarin die werk van die Gees kragtig kan vloei, beide in ons byeenkomste en in elke persoon se eie verhouding met die Here! Ons bedieningspan en leiers staan gereed om in hierdie seisoen saam met jou te bid vir insig, perspektief en die besluite wat jou lewe sal belyn met Sy plan vir jou toekoms.

**LOOF DIE HERE, WANT HY IS GOED,
WANT SY GOEDERTIERENHEID IS
TOT IN EWIGHEID! PS 107:1**

My en Elmarie se gebed is dat jy die diep vervulling en vrede van Sy wil vir jou lewe sal ontdek.
Blessings!